**Die HERE vergeet nie hulle wat Hom aanroep nie!**
**(1 Samuel 1:19c)**

- Aan die einde van die Rigtertyd, toe Israel geestelik verval het en elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë, ontmoet ons Hanna en haar gesin. In 'n huis vol pyn en spanning, en in 'n volk wat die HERE as Koning vergeet het, bring Hanna haar nood na God. Sy stort haar hart in gebed uit en vertrou dat net die HERE kan help waar mense nie kan nie. Terwyl Israel in geestelike chaos leef, hoor God haar gebed en gee vir haar Samuel, deur wie Hy sy volk begin herstel.
- Hanna se verhaal wys dat God sy volk nie vergeet nie, maar sy verlossingsplan uitvoer. Dit vind sy volle betekenis in Jesus Christus, waar God sy Seun stuur om te red. Hierdie waarheid roep ons tot geloof, gebed, gehoorsaamheid en dankbaarheid, en om ons kinders en ons hele lewe aan die HERE toe te wy in sy diens.